




## Dag 2 – Die eerste sonde

**Inleiding:** Neem 'n kombes en gaan sit buite in die tuin. Maak jou oë toe en verbeel jou julle is in die tuin van Eden. Luister na die geluide rondom jou. Gesels oor wat jul hoor. Kyk hoeveel verskillende natuurgeluide jul kan hoor.

### **Woord: Genesis 2:15 – 3:8**

Uit Die Bybel vir Almal



(video van storie ook beskikbaar by: <https://www.bible.com/af/kids>)

2:15 Die Here God het die mens in die Eden-tuin laat woon om daarin te werk en dit op te pas.  
16 Die Here God het vir die mens gesê: “Jy mag van al die vrugte in die tuin eet, 17 maar een boom se vrugte mag jy nie eet nie. Dit is die boom wat jou kan help om te weet wat goed is en wat sleg is. As jy van daardie vrugte eet, dan sal jy sterf. Dit is seker.” 18 Die Here God het gesê: “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n maat maak wat hom kan help.” 19 Die Here God neem toe grond en Hy maak al die diere op die land en al die voëls. Toe bring Hy al die diere en die voëls na die mens toe. Die Here God wou weet watter name die mens vir die diere sou gee. So het die diere hulle name gekry. 20 Die mens het name gegee vir al die mak diere, die voëls en die wilde diere, maar vir homself kon hy nie 'n maat kry om hom te help nie.  
21 Die Here God het toe die mens vas laat slaap. Hy het 'n rib uit die mens se bors gehaal, en Hy het die plek weer toegemaak waar Hy dit uitgehaal het. 22 Daarna het die Here God 'n vrou gemaak van die man se rib en Hy het haar na die mens toe gebring. 23 Die mens sê toe: “Nou het die Here iemand gebring wat 'n mens is soos ek. Haar liggaam kom uit my liggaam. Haar naam moet vrou wees, want sy kom uit die man.” 24 Daarom gaan 'n man weg van sy pa en ma

## Durbanville Gemeente - Bybelstudie vir families

en hy gaan woon by sy vrou, sodat hulle een kan word. 25 Die mens en sy vrou was kaal, maar hulle was nie skaam daaroor nie.

3:1 Die slang was slimmer en skelmer as al die wilde diere wat die Here God gemaak het. Die slang het vir die vrou gevra: "Is dit waar? Het God gesê julle mag niks van die bome in die tuin se vrugte eet nie?" 2 Die vrou sê toe vir die slang: "Ons mag eet van die vrugte van die bome in die tuin, 3 maar God het gesê ons mag nie eet van die vrugte van die boom in die middel van die tuin nie. Hy het gesê ons mag nie daaraan raak nie, want dan sal ons sterf." 4 Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal nie sterf nie. Dit is seker. 5 God het dit gesê omdat Hy weet dat as julle daarvan eet, dan sal julle alles verstaan. Julle sal soos God word en julle sal weet wat is goed en wat is sleg." 6 Die vrou het toe gekyk en gesien sy kan van die boom se vrugte eet, en dit lyk baie lekker. Sy het nou geweet die vrugte sal haar slim maak. Sy het van die vrugte gepluk en geëet. Sy het ook vir haar man daarvan gegee, en hy het ook geëet. 7 Toe verstaan hulle alles, en hulle besef hulle is kaal. Hulle het vyeblare aanmekaar vasgewerk en hulle het daarvan kort rokke vir hulleself gemaak. 8 Die mens en sy vrou het gehoor die Here God loop in die tuin. Dit was aand, en die wind het gewaai. Die mens en sy vrou het toe vir die Here God weggekruip tussen die bome in die tuin.

God was kwaad en het hulle gestraf en ook die Tuin van Eden verder verbied. Hy het hul uitgestuur in die veld, maar wel gesorg dat daar vir hul kos was.

### **Gesels as gesin oor die volgende vrae:**

1. Wie is eerste gemaak, Adam of Eva?
2. Hoekom het God besluit om Eva ook te maak?
3. Wie se skuld was dit dat Eva gesondig het?
4. Het God steeds lief gebly vir hulle al het hulle gesondig?

## Durbanville Gemeente - Bybelstudie vir families

5. Hou liefde op as jy iets verkeerd doen, byvoorbeeld is mamma/pappa minder lief vir jou as jy ongehoorsaam is?
6. Is God se liefde ook onvoorwaardelik?

### Speletjie

Leer die kinders die speletjie name, vanne, diere dorpe.

### Inkleurprent


Kopieër die prent op bl. 4

### Aktiwiteit 1

Druk die doolhoof op bladsy 5 en help Adam om by Eva uit te kom.


### Aktiwiteit 2

Maak 'n papier slang!



God wou nie hê Adam moes alleen  
wees nie en het Eva gemaak om hom  
te help.

Genesis 2:18



# Adam en Eva



Help asseblief vir Adam om Eva te vind in die tuin

van Eden.

